



## Resensies

- Du Toit, Andri, ed. 2009. **Focusing on the message: New Testament hermeneutics, exegesis and methods.** Pretoria: Protea Book House.  
(A.A. Genade) ..... 261
- Nürnberg, Klaus. 2009. **Die Bybel: verantwoordelik lees is krities lees.** Wellington: Lux Verbi.BM.  
(J. Buitendag) ..... 264
- Blom, C. 2009. **Zonder grond onder de voeten.** Zoetermeer: Boekencentrum.  
(P.J. van Dyk) ..... 266
- Branch, Robin Gallaher. 2009. **Jeroboam's wife: the enduring contributions of the Old Testament's least-known women.** Peabody: Hendrickson.  
(H.J.M. van Deventer) ..... 269
- Schutte, Flip. 2008. **Jesus' resurrection in Joseph's garden: a postmodern revisit.** Pretoria: Protea Book House  
(G.J.C. Jordaan) ..... 271
- Immink, Gerrit F. & Vos, Cas, reds. 2009. **God in 'n kantelende wêreld.** Pretoria: Protea Boekhuis.  
(B.J. de Klerk) ..... 273
- Burns, Lanier. 2009. **The nearness of God: his presence with his people.** Phillipsburg: P & R Publishing.  
(F.W. de Wet) ..... 275
- Fokusresensies**
- Klopper, Braam. 2009. **Wanneer woorde ontbreek: hoe om te troos in tye van groot verlies.** Wellington: Lux Verbi.BM.  
(G.A. Lotter) ..... 279

Hanekom, Braam. 2009. <b>Ontwikkel die leier in jou kind.</b> Wellington: Lux Verbi.BM. ( <i>W. van den Heever</i> ) .....	281
Van Zyl, Jacob D. 2009. <b>Breek deur die grens: jou persoonlike berader vir sewe algemene knelpunte.</b> Wellington: Lux Verbi.BM. ( <i>G.A. Lotter</i> ) .....	282



## Resensies / Reviews

**Du Toit, Andri, ed. 2009. Focusing on the message: New Testament hermeneutics, exegesis and methods.** Pretoria: Protea Book House. 637 p. Price: R400,00. ISBN: 978-1-86919-259-4.

**Reviewer:** A.A. Genade  
Faculty of Theology, Potchefstroom Campus,  
North-West University

Andri du Toit edits and contributes to this volume of fifteen chapters by twelve South African specialists in New Testament studies. Its purported focus is upon the New Testament message rather than the “origins and prehistory of the text”.

Chapter 1 reviews key developments in the history of Biblical hermeneutics: the differing hermeneutical approaches of Alexandria and Antioch during the early church era; the theological or Christ-centric approach of the Reformation; the historical critical hermeneutic of the era of Enlightenment with its concomitant historical consciousness and various nuances of postmodern interpretive theories. Discussion includes Heidegger, Gadamer, Ricoeur, Barth, Bultmann and Fuchs.

Chapter 2 outlines how understanding flows from sender to receiver. It illustrates the value of appreciating the historical, structural and pragmatic nature of Biblical text, while revealing the potential pitfalls in each approach. The various diagrams are illuminative.

The objective of chapter 3 is to simplify complex linguistic insights in order to empower “those who have received only a basic training in traditional grammar and stylistics”. The proposed exegetical program is user-friendly. The investigation into communication science repeats material from the preceding chapter.

Chapter 4 outlines the debate surrounding the form of Greek used in the New Testament.

The science of textual criticism is introduced and reviewed in chapter 5. Similar to the book by Greenlee or even Metzger, its claim to empower the exegete to employ textual criticism is unconvincing. It succeeds as a general introduction to textual criticism.

Chapter 6 evaluates the problems with and merits of discourse analysis. When utilised as *a* method rather than *the* method, discourse analysis rewards the exegete with a unique approach into the structural fibre of a text. This is a well balanced theoretical and practical contribution ideal for students requiring a step by step orientation with application to key texts from Romans, Galatians and Philipians.

Why exegesis is important yet problematic is highlighted in chapter 7. Words have multiple meanings and this makes lexical semantics an invaluable tool. The lexicon by Louw and Nida receives positive exposure while the shortcomings of the lexica by Baur and Kittel are used to illustrate problems raised in the chapter. The detailed introduction, explanation and demonstration of deep structure analysis are plusses.

The distinctiveness of New Testament figurative language comes under the spotlight in chapter 8. Words like *metaphor*, *symbol*, and *imagery* are explained. The discussion of parables is insightful.

Chapter 9 addresses redactional criticism and its value for interpreting the Gospels. The author reviews the pioneers Bornkamm, Conzelmann, Marxsen and Trilling. It is a helpful introduction to this text-focussed method. Its contributions and weaknesses are also addressed. Examples abound make this a user-friendly introduction to the topic.

What do the terms *plot*, *characterisation*, *space*, *narrative* and *focalisation* have to do with exegesis? Narrative criticism comes under the spotlight in chapter 10. Readers will appreciate the practical demonstration through the analysis of John 4:43-54.

The discussion of social-scientific criticism in chapter 11 is highly theoretical and tentative; its practical relevance virtually zero. As a general introduction to the topic it might perhaps have value, however, it lacks methodological functionality.

Chapter 12 is comprehensive, yet not overbearing treatment of reception theory; its practical, user-friendly approach is its redeeming quality. Diagrams make the theory palatable and digestible.

Examples from the Gospels and letters demonstrate the functionality of the method.

Speech-act theory takes the stand in chapter 13. It involves an informative discussion of the theory and explains the concepts *locution*, *illocution* and *perlocution*. The second half demonstrates the functionality of the method applied to the texts of John 4: 16 and 1 John.

Chapter 14 deals with rhetorical criticism. Traditional Greco-Roman rhetoric and contemporary models receive attention. The lengthy introduction is succeeded by a practical demonstration, namely, how to construct the rhetorical situation. The letter to Philemon serves as model.

The discussion of Bible translation in chapter 15 is an appropriate conclusion to a work focused on the message of the New Testament. Ultimately, hermeneutics and exegesis must result in the communication of meaning and understanding of the text. Bible translation is the supreme example in this regard. Unfortunate typesetting glitches apart, this is a splendid contribution and most fitting epilogue to a fine South African work.

Typesetting inconsistencies require attention. The font size of second level headings differ (compare 2.4 on p. 589 with that on p. 584-586); third level headings on p. 586 and p. 589 are plain (2.3.1) and bold (2.4.1) respectively. The second occurrence of the word *principle* in the last paragraph on 590 (2.4.2) is not italicised, while the first one is. Coherency can be improved: on p. 259 the author uses the heading *epilogue* while the others use *conclusion*. On p. 80, diagram 6, the words would seem to be “event-meaning” rather than “event-message”.

Collectively the publication succeeds in its objective to highlight the text and introduces contemporary methodologies to that effect; a minority of individual contributions are too theoretical. Students and lecturers are primary beneficiaries of the analyses of specific Biblical texts. This turns out to be an adequate supplementary textbook for students of hermeneutics.

**Nürnberg, Klaus. 2009. Die Bybel: verantwoordelik lees is krities lees.** Wellington: Lux Verbi.BM. 320 p. Prys: R129,95.  
ISBN: 978 07963 1035 4.

**Resensent:** J. Buitendag  
Departement Dogmatiek & Christelike Etiek,  
Universiteit van Pretoria

Indien 'n mens met een woord die aanpak wil beskryf wat Klaus Nürnberg in sy nuutste publikasie oor Skrifverstaan volg, sal die term *dekonstruksie* waarskynlik gepas wees. Die klassieke uitsprake van die sewentiende-eeuse protestantse Ortodoksie soos byvoorbeeld die onfeilbaarheid en die inspirasie van die Skrif, word vars deur Nürnberg geïnterpreteer. Soos die subtitel van die boek aandui, oordeel Nürnberg dat 'n mens ook altyd *krities* met die lees van die Bybel moet omgaan. Sommige Bybelse verhale is immers weersprekend van ander Bybelse verhale en die Bybel beskik dus oor 'n intrinsieke kritiese karakter (p. 40). Net so min as wat ons kan aanvaar dat God vandag se Bybelleser inspireer tot foutlose lees, kan ons klakkeloos aanvaar dat God die Bybelskrywers geïnspireer het tot foutlose neerskryf van die boodskap (p. 29-30).

Nürnberg gebruik op 'n paar plekke die beeld van 'n "diamant in die sand" om God se Woord in die Bybel te beskryf (p. 10-11). Hy het in die openingsbladsye van die boek selfs sy pen aan 'n kort gedig hieroor gewaag. Dit is egter myns insiens nie 'n baie gelukkige beeld nie. Dit herinner onmiddellik aan die klassieke kontrovers of die Bybel die Woord van God *is* en of dit net die Woord van God *bevat*. Nürnberg speel egter glad nie in op hierdie debat nie. Trouens, hy herdefinieer hierdie probleem. Waar heelwat teoloë vandag 'n volgende tree gee en nie meer sê die Bybel is God se Woord nie, maar eerder die mens se *antwoord* op God se Woord, draai Nürnberg dit om en oordeel eerder dat die Bybel *Gód* se *antwoord* op die mens se probleem is (p. 19, 272, 297, 315). Gevolglik kan 'n mens ook nie die eksistensiële vertrekpunt in Nürnberg se denke mis nie. Hy praat graag in die eerste persoon enkelvoud en die leser verneem sy opregte geloof wanneer Nürnberg 'n persoonlike belydenis doen (p. 120). Die hermeneutiese sleutel tot die verstaan van die Skrif, is vir hom dus die mens in sy/haar *nood* (p. 19, 75, 272, 315).

Nürnberg bied 'n uiters werkbare sistematiese uiteensetting van hoe die Skrif geïnterpreteer behoort te word en ook wat kán en wat kan níé. Daar is vyf opsies, vier verkeerde en een korrekte bena-

dering tot die lees van die Skrif. Lees *van voor* beteken om die Skrif te lees soos dit jou direk aanraak; lees *van agter* is om na die historiese agtergronde te vra; lees *van bo* is lees om 'n dogmatiese vertolkingsraamwerk op die Skrif af te forseer; en lees *van binne* is om dit fundamentalisties as Woord van God te lees. Nürnberger wil hierdie perspektiewe egter integreer en kies vir 'n lees *van onder af*. Dit beteken dat die strekking of goue draad van die hele Bybel eers bepaal moet word en dat alle tekste in der waarheid uitdrukking hiervan is.

Nürnberger spel hierdie strekking uit as die kruis van Christus. “Hier het God te kenne gegee dat Hy *ons aanvaar hoewel ons nie aanvaarbaar is nie*” (p. 77). In terme van die nood van die mens waarna hierbo verwys is, identifiseer hy die volgende breë riglyn om die Bybel te verstaan: “God se visie van omvattende welsyn vir alle mense binne die samehang van die omvattende welsyn van hulle hele maatskaplike en natuurlike omgewing” (p. 307 asook p. 84). Op hierdie wyse kan bepaalde trajekte van God se historiese én toekomstige pad van liefde met die mens blootgelê word.

Dit het natuurlik tot gevolg dat heelwat Bybelse verhale nuut gelees moet word, of eerder, op hulle kop gekeer moet word. Veral wat hierdie aspek van die boek betref, leun Nürnberger swaar op 'n vorige boek van hom, t.w. *Biblical theology in outline* (2004). So word – te midde van etlike ander voorbeelde – Christus se plaasvervangende offerdood herinterpreteer as 'n daad van *God wat in Christus 'n offer aan die mens gee* (p. 176).

Nürnberger wil ten alle koste verhoed dat 'n “vooropgestelde mening op die teks” afgedwing word (p. 207). Vir my is dit nie baie duidelik of hy regtig self hierdie *lem van Willem van Okkam* vryspring nie. Alhoewel ek in beginsel met sy strekking kan saamgaan en veral waardering het vir die inklusiewe aard daarvan, wonder ek tog wat die prinsipiële verskil is tussen sy benadering en die lees *van bo* wat hy afwys. In sy geval is dit weliswaar die individuele gelowige se kontingente verstaan van die Skrif en in die ander geval die kollektiewe en amptelike interpretasie van die kerk, maar albei perspektiewe oordeel om die essensie van die Skrif te abstraheer en heuristies toe te pas. Die debat oor die kanon en die vasstelling daarvan kom ongelukkig nie aan die orde nie.

Die hele kwessie van *openbaring* is helaas nie formeel in Nürnberger se boek uitgewerk nie, alhoewel hy skepties teenoor hierdie begrip staan (p. 281). Wat is dan die verhouding van die Skrif tot die *natuur, ervaring, tradisie* en *rede*? Moet ons die *sola Scriptura* bloot

as 'n aksioma aanvaar, of moet ons nie dalk ook probeer argumenteer hoe God na ons toe kom en 'n pad met ons begin loop nie? Die Skrif veronderstel immers 'n Goddelike ontmoeting.

Nürnbergger teken in sy voorwoord apologie aan vir die “heelwat herhaling” (p. 20). Dit is toe te skrywe aan die feit dat die boek hoofsaaklik uit 'n aantal voordragte saamgestel is wat hy in die verlede aangebied het (die woordjie *reeks* het op p. 249 deurgeglim!). Maar dit hinder geensins nie. Wat eerder opval, is die diskrepansie wat 'n mens 'n keer of wat opmerk. Op p. 39 is Paulus die outeur van die Efesiërbrief, maar op p. 153 en p. 262 stel hy dat dit deur sy dissiplens geskryf is; op p. 44 lees ons dat die werklikheid uit atome bestaan, maar op p. 119 is dit weer energie; op p. 35 word vir die eerste keer na sy reeds genoemde ander werk verwys, maar 'n beter verwysing moet oorstaan tot p. 74 en 'n eerste volledige verwysing moet wag tot p. 152. Ek kon net vyf tikfoute in die bundel raaksien: *Deutero-Jesaja* (p. 72), sonder die *vir* by Dawid se ryk (p. 167), *feitlik* (p. 268), *denkbeeldig* (p. 211) en *moderne* (p. 281). Slegs hoofstuk 9 maak van nommering in opskrifte gebruik en die opskrif op p. 62 is sowel 'n verkeerde lettertipe as lettergrootte.

Opvallend is dat Nürnbergger verseg om die woord *post-* of *na-modern* te gebruik, al veronderstel hy dit amper deurgaans.

Hierdie is 'n uiters lesenswaardige boek en dra beslis by tot die debat in Suid-Afrika oor Skrifverstaan. Dit voeg 'n opwindende perspektief toe tot die reeds groeiende aantal publikasies in Afrikaans oor hierdie tema. Teoloë, predikante en beslis ook lidmate, sal definitief baat vind by die lees hiervan.

<p><b>Blom, C. 2009. Zonder grond onder de voeten. Zoetermeer: Boekencentrum. 381 p. Prijs: €26,90. ISBN: 978 90 239 2405 0.</b></p>
--

**Reviewer:** P.J. van Dyk  
Department of Old Testament &  
Ancient Near Eastern Studies, Unisa

The subtitle of the book is *Een theologische analyse van het boek Job en Genesis 1-4 vanuit het perspectief van het kwaad in de schepping*. The title of the work refers to the well-know verse in Job 1:9 where Satan implies that Job only serves God because it benefits him: “Does Job fear God for nothing?” (i.e. *zonder grond*). The book deals extensively with the theodicy problem and wishes to



challenge the classical interpretation of Genesis 1-4 as creation, fall and salvation, by interpreting the Genesis narrative against the background of the Book of Job and its view about evil in the world. The work is intended for theologians in general and makes a valuable contribution to the very difficult theodicy problem.

The first third of the book is a detailed discussion and interpretation of the book of Job, starting with the challenge by Satan in the prologue, and then proceeds by discussing the viewpoints of Job's friends that he should confess his sins. In the last place the important confrontation between God and Job and the epilogue are analysed with specific focus on how evil came into the world. Basic to the view of Job's friends (including Elihu) is the dogma of retribution and the underlying concept that humans cannot serve God without a reason (*grond*) or reward. This view is challenged by God in the end of the book where he "overpowers" everything with his knowledge and power. It is argued by Blom that God is above any human schemes of good and evil. In a sense God's view wins, because He is the strongest and Job just has to accept it (p. 110).

The fact that Job ultimately receives no answer to his question why evil came over him (he is not informed by God about the challenge by Satan in the beginning) affirms the fact that Job serves God without any expectation to be rewarded (*zonder grond onder de voeten*). Blom concludes that it is clear that evil or wrong therefore has a place in God's creation from the start (p. 98).

The rest of Blom's work is an analysis of Genesis 1-4 in the light of his conclusions with regard to the book of Job. In contrast to the classical interpretation (e.g. by Calvin), Blom argues that the concept of *Imagio Dei* should rather be interpreted in a functional and not in a substantial way and that there was no substantial difference between humans before and after the fall in Genesis 3. The creation was never perfect and evil was part of it from the start. In this he agrees with James Barr that the goodness of creation should not be interpreted as if the world was perfect at the beginning (i.e. without any lack or wrong), but rather that God was satisfied with the way He created it (p. 213).

Blom interprets the discussion between the snake and the woman in Genesis 3 as the counterpart of the challenge of God by Satan in the book of Job. In this case, the word of God is questioned, that is, that humans would die if they eat from the tree of knowledge of good and evil. In both Genesis 3 and 4 God puts humans in a situation where they could sin. In the traditional interpretation of Genesis 1-4

humans are entirely responsible for their own sin and when they fell in sin they dragged the perfect world down with them and caused us to live in the “broken reality” of our times. In such an interpretation God is not at all responsible for evil in the world.

Blom challenges this view by saying that the responsibility for evil cannot clearly be allocated to either humans or to God (both may be responsible). He concludes with Crenshaw that the Bible describes God as cruel and that the responsibility for wrong should at least partly be laid before God’s door. Blom further says: “De vraag naar het kwaad is uiteindelijk de vraag naar God. Het is de vraag of we God kunnen vertrouwen, of hij het goede met ons voorheeft, of alles goed zal aflopen, of God naar ons luistert, ons recht doet, ons lief heeft.” (p. 280.) But what happens when God does no longer bless us or protect us (as was the case with Job)?

Blom argues that to defend God in such a situation as Job was in, often leads to dishonesty. He also argues that we should not make a new schema (in place of the dogma of retribution) out of the fact that God provided no answer to Job’s questions. The answer does not lie in a principle outside God but in the relationship to God and the fact that Job could find his trust back in God.

Blom’s book makes a big contribution to the debate on the theodicy problem, especially in the way he wishes to go beyond traditional interpretations of creation, fall and salvation. In this, he tries to make a more honest assessment of the way sin and evil operates in the world. His main contributions are the way in which he succeeds in introducing intertextual dialogue between Genesis 1-4 and the book of Job and his fresh approach in the interpretation of Genesis 1-4. His interpretation of Job more or less follows most contemporary interpretations of the book in the sense that, according to me, he does not sufficiently take into account that Elihu is never described as one of Job’s friends and neither is he condemned in the epilogue. Can this only be attributed to the fact that the Elihu sections may have been added later, or is there some qualitative difference between Elihu’s view and those of the other friends?

The fact that evil formed part of creation from the start and that both good and evil comes from God (according to the Old Testament) is often explained by the fact that ethical dualism (Satan) was only introduced in the later stages of the composition of the Old Testament. The fact that the book of Job forms part of this larger theological realignment, is not sufficiently discussed by Blom.

Blom's solution that "God can do what He wants" (i.e. He is above his own ethical laws), merely because He is all powerful, is to me very unconvincing and not really the solution modern humans would be able to accept in their desperate search for trust in God amidst the "chaos" of our contemporary world.

**Branch, Robin Gallaher. 2009. Jeroboam's wife: the enduring contributions of the Old Testament's least-known women.**

Peabody: Hendrickson. xxiii + 270 p. Price: \$16,95.

ISBN: 978-1-56563-745-0.

**Reviewer:** H.J.M. van Deventer  
Subject Group Theology, Faculty of Humanities,  
Vaal Triangle Campus, North-West University

Written in her usual eloquent style, Prof. Robin Gallaher Branch has presented us with a book to take note of for more than one reason. Branch, currently Professor of Biblical Studies at Crichton College in Tennessee, and her interest in female characters in the Hebrew Bible is no stranger to the South African guild of Biblical scholars. While spending a Fulbright year at the former PU for CHE (now NWU) and also since then, she regularly presented papers on this topic at the meetings of learned societies nationally. The book under review is the fruit of her research into "the Old Testament's least known women" as the subtitle aptly announces.

The book begins with two introductory chapters spelling out theoretical issues related to reading Biblical narratives in general as well as methodological issues pertaining to this volume in particular. She makes it clear that her aim is not a mere close reading of the text as an academic exercise, but also to seek "spiritual benefits and practical lessons" from the characters she discusses. Branch does not want to get caught up in the philosophical difficulties of reference related to a pure literary approach and boldly asserts that for her "biblical narrative is biblical history" (p. 9).

The next eight chapters give close readings of the narratives involving the following female characters: Miriam (Exod. 2), Rizpah (2 Sam. 3, 21), the wise woman of Abel Beth Maacah (2 Sam. 20), the wife of Jeroboam (1 Kings 14), the widow of Zarephath (1 Kings 17), the Israelite slave girl (2 Kings 5) and Athaliah (2 Kings 11; 2 Chron. 23). Almost 60 pages of endnotes (p. 185-240) include references and add further detail to the arguments. In some cases

her earlier published research has been included in the discussions and by way of this publication is given a wider audience. Each chapter ends with “Questions for further reflection” whereby the book’s usefulness for Bible study groups and interested lay readers is significantly increased. The book ends with a concluding chapter that both summarises and reinforces the theological themes uncovered in these narratives. A full bibliography is included, as well as three very useful indexes for which Nathan Brasfield is duly thanked in the acknowledgements.

The analyses of the different narratives vary in length and focus. In some cases, like the shorter chapter 2 dealing with Miriam, the focus falls on the character as portrayed in the text. In the much longer chapter 7 dealing with the widow of Zarephath, on the other hand, we find detailed discussions of all the characters (exclusively male) in the narrative with more being said about Elijah (p. 117-121), than about the widow (p. 122-125). These extensions both add to the better understanding of the narrative as a whole, and suggest interesting interpretive possibilities. An example of this is the notion of Jeroboam being an abusive husband (p. 97-98, 102-104) in the central chapter that also was chosen for the title of the book. In this way the author displays the power of narratives to open up imaginative understandings. Although these often go further than what is given in the text (e.g. the description of Naaman’s joy in chapter 8; p. 144), Branch is mindful not to have these excursions impact on the central message of the passage.

On the whole this publication is a prime example of what can be described as reformist Christian feminist Biblical interpretation. Branch takes the text at face value and does not impose a hermeneutic of suspicion on it. However, she rightfully points out even in the cases of Athaliah and Jezebel, the text “offer no condemnation of [them] because of their gender ...” (p. 166). The book will be appreciated by a wide audience: from those in academic circles interested in narratological interpretations of Biblical texts, to Bible study groups in churches. This reviewer can only add his voice to the commendations the book has already received.

**Schutte, Flip.** 2008. **Jesus' resurrection in Joseph's garden: a postmodern revisit.** Pretoria: Protea Book House. 207 p.  
Price: R200,00. ISBN: 978-1-86919-203-7.

**Resensent:** G.J.C. Jordaan  
Skool vir Bybelwetenskappe & Antieke Tale,  
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Soos die titel van die boek aandui, bevat dit 'n postmodernistiese soeke na 'n antwoord op die vraag of Jesus liggaamlik uit die dood opgestaan het of nie. Uit die staanspoor is dit duidelik dat die skrywer oortuig is dat die Bybelse weergawe van Jesus se liggaamlike opstanding, 'n blote mite is.

In die eerste hoofstuk van die boek bied die skrywer 'n samevatting van sy vooronderstellings. Dit is duidelik dat hy die Bybel nie as Woord van God of as Kanon van die Christelike geloof beskou nie. Vir hom is die Bybel bloot 'n versameling geskryfte waarin mense hulle eie religieuse ervarings in mitologiese taal beskryf. Hy verwerp gevolglik 'n letterlike verstaan van die Bybelteks asook 'n heils- of openbaringshistoriese verklaring daarvan. Trouens, in navolging van Bultmann meen die skrywer dat die Bybel nie geskiedenis bevat nie, maar mites wat die Bybelskrywers as voertuie van hulle prediking gefabriseer het.

In Hoofstuk 2 gee die skrywer 'n uiteensetting van wat hy met *mite*, oftewel "the myth of the Christ cult" (p. 46) bedoel. Hy begin deur 'n nuttige indeling van verskillende mite-kategorieë te gee. Dit is egter gou duidelik dat hy op spoor van die *Religionsgeschichte* die Bybel grootliks as 'n verlengstuk van die mites van die antieke Mediterreense samelewing beskou. Hy wys op verskeie "ooreenkomste" tussen Jesus en mitologiese figure soos Apollo, Asklepios en Herakles. Hy beskou die vertellings oor hierdie persone as mites, omdat dit nie as historiese mededelings bedoel was nie, maar as metafore van mense se eie ervarings van die wêreld of die religie.

Hoofstuk 3 bevat 'n uiteensetting van die skrywer se beskouing oor die opstanding van Jesus. Volgens hom was ook die opstanding 'n mite wat die vroeë Christene geskep het om uitdrukking aan hulle geloof te gee. Hy meen dat die verskynings van die opgestane Jesus waarna die Nuwe Testament verwys, eintlik niks meer as ekstasiese geloofservarings van mense was nie. Paulus se aansprake dat hy Jesus gesien het, was bloot die produk van sy verbeelding – 'n mite. Hoe moet hierdie "mites aangaande Jesus" egter verstaan word? Vanuit sy postmoderne en dekonstruktiewe verwysingsraam-

werk verwerp die skrywer uiteraard enige letterlike of positivistiese verstaan van die teks. Hoewel hy met Bultmann akkoord gaan dat die eintlike boodskap nie in die teks nie, maar daaragter gevind moet word, is hy nie 'n voorstander van *allegoriese* interpretasie (gemik op "iets anders" agter die teks) nie, maar eerder 'n *toutegoriese* interpretasie (gemik op dieselfde ervaring as dié waaruit die teks ontstaan het).

In Hoofstuk 4 verduidelik die skrywer hoe hy die totstandkoming en die aard van die Kanon beskou. Volgens hom het die kerk die Bybel tot Kanon verklaar om daardeur sy eie magsposisie in die samelewing te versterk. Op p. 161 skryf hy: "The canonising process is not the result of divine inspiration but ... a human endeavour to seek and maintain power". Vir hom is ander godsdienste soos die Koran en selfs sekulêre kultuurprodukte soos letterkunde, kuns en films ook kanon waarvan ons moet glo.

Hoofstuk 5 is 'n samevatting van die voorafgaande hoofstukke asook die laaste staanplek wat die skrywer inneem. Die skrywer noem verskeie negatiewe ervarings wat hy in en met die kerk beleef het wat hom tot vrae oor die kerk en die Bybel gedryf het. Dit bied 'n moontlike verklaring vir sy wantroue en skeptisisme jeens die Bybel as Woord van God. Kenmerkend van die teologie wat in die boek beskryf word, is dat die Heilige Gees geen plek daarin het nie. Saam met die inspirasie en gesag van die Bybel word ook die Heilige Gees as eintlike Skrywer daarvan verwerp. Die gevolge van so 'n teologie is dat die Gees ook uit die geloof verwyder word. Dit volg nadat die persoon van Christus as Seun van God ook uit die geloof verwyder is. Op p. 10 verklaar die skrywer self: "I never invited Jesus into my heart, because I never heard him *knocking*." In 'n geloof sonder Christus is daar ook geen ruimte vir die vergewing van sondes en die opstanding van die liggaam nie. Sondevergewing word verarm tot 'n Bultmanianse selfverstaan (onder meer daarin dat jy alle skuldgevoelens afskud) en geloof word 'n beslissing om jou lewe aan God te verbind. Uiteindelik blyk dit dat God in so 'n geloof gereduseer word tot weinig meer as 'n blote idee. Dit is die idee van liefde. Op die laaste bladsy van die boek verklaar die skrywer: "The Jesus myth changes your way of thinking. You realise that God – love – is everywhere."

Die waarde van hierdie boek is nie daarin geleë dat dit 'n positiewe bydrae tot die Christelike geloof en teologie lewer nie. Dit is hoogstens 'n nuttige boek vir teoloë wat 'n besondere belangstelling in die denke van die Postmodernisme het of wat 'n insae wil kry in hoe diegene wat binne die Christelike tradisie staan, maar die historiese

en liggaamlike opstanding van Christus verwerp, dink en redeneer. Vir lesers wat nie in die tegnikaliteite van die hedendaagse hermeneutiese debat geskool is nie, sal die boek waarskynlik minder toeganklik wees.

**Immink, Gerrit F. & Vos, Cas, reds.** 2009. **God in 'n kantelende wêreld.** Pretoria: Protea Boekhuis. 340 p. Prys: R250,00.  
ISBN: 978-1-86919-295-2.

**Resensent:** B.J. de Klerk  
Skool vir Kerkwetenskappe,  
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Hierdie bundel bevat verskillende artikels op die terreine van die sistematiese en praktiese teologie. Al die artikels fokus op die veranderende kontekste waarin die kerke vandag geplaas is. Dit is 'n konteks wat as 'n "kantelende wêreld" beskryf kan word. In hierdie boek word dit geïllustreer deur die verskynsels van armoede, onderlinge verdeeldheid, liturgiese en homiletiese probleme wat oorkom moet word, asook ssekularisasie (in die Nederlandse konteks) en regstellende aksie (in die Suid-Afrikaanse konteks). Die troos en hoop wat die boek bied, is dat God in hierdie kantelende wêreld teenwoordig is.

Die boek is die vrug van etlike jare se samewerking tussen die teologiese fakulteite van die Universiteit van Pretoria in Suid-Afrika en die Protestantse Teologiese Universiteit van Nederland. Die redakteurs spreek die hoop uit dat die boek verskillende geloofsgemeenskappe in verskillende kontekste sal voed, want die fokus is drieledig: op die verantwoordelikheid van die kerk ten opsigte van arm mense, op die ekklesiologie en Godsbegrip en op die spreke oor God in die Christelike gemeenskap. Dit is ook die drie hoofdele waarin die twintig artikels verdeel word. Die gesprek vind plaas binne twee verskillende kontekste waarin teologie bedryf word: in die Nederlandse konteks met sy voortdurende marginalisering van die kerke in 'n kulturele klimaat wat meer en meer 'n mengelmoes van voortgaande sekularisering en nuwe religieë word, en in die Suid-Afrikaanse konteks waarin die vraagstukke van MIV en VIGS, armoede en geweld brandend is.

Julian Müller volg 'n narratiewe metode in sy benadering van armoede en Theo Boer lewer 'n belangrike bydrae in dieselfde veld deur op allerlei morele probleme te wys wat hulle in hierdie benade-

ring voordoen. Hy dui aan dat die werklikheid dikwels meer kompleks is as wat in een verhaal saamgevat kan word. Kune Biezeveld laat aan die hand van die interpretasie van die verhaal van Hagar sien hoe Bybelse verhale self “stem geven” aan die verhaal van mense. Attie van Niekerk se bydrae lê op die gebied van armoede en kultuur en Rein Brouwer toon in ’n vars benadering aan hoe die begrip *koinonia* in die diakonale praktyke op die kerke se hantering van die “daklose” kan inspeel. Oor die begrip *verantwoordelikheid* skryf Etienne de Villiers en Stephan de Beer verhelderend ten opsigte van etiese handelinge.

In die tweede deel kom die sistematiese teoloë sterker na vore. Luco van den Brom dui aan dat die geloofsgemeenskappe in hulle konkrete viering en verkondiging as liggaam van Christus antisipeer op die eskatologiese gemeenskap met die Drie-enige God. Conrad Wetmar ondersoek die invloed van Moltmann se behandeling van die triniteitsleer op sy ekklesiologie en Gijsbert van den Brink bespreek Volf se kerkvisie. Die verenigingsproses binne die NG-kerkfamilie word deur Hoffie Hofmeyer en H.H. van der Linde uitgespel en Leo Koffeman handel oor die ekumeniese kerklike eenheid binne die Wêreldraad van kerke en verbind dit met die trinitariese spreke oor God. Johan Buitendag behandel op pakkende wyse die liturgie as omvattende ontmoetingsplek in die geskape tyd en ruimte wat in die goddelike tyd en ruimte ingebed is. Hy illustreer dit met raak voorbeelde. Henk de Beer gee verslag van sy ondersoek na die opvatting van kerke binne die PKN (sommige wat hulleself as evangelies en ander as nie-evangelies beskou) oor God en hulle visie op heil en kerkbeeld.

In die derde deel oor God in die geloofskommunikasie gee Hennie Pieterse insiggewende riglyne oor teorieë vanuit die Dogmatiek en vanuit die perspektief van die prediker, as basis vir sy empiriese ondersoek na prediking in die konteks van regstellende aksie. Hy kom tot die konklusie dat in die preke wat hy geanaliseer het, die Skrif nie genoegsaam gekonteksualiseer en geaktualiseer word nie. Gerrit Immink kom tot die konklusie dat hoorders aktief in die preekgebeure betrokke is en dat hulle vanuit hulle geloofs- en lewenservaring betekenis aan die preek gee. Cas Vos dui pakkend aan hoe die liturgie ’n rol speel by die vorming van Godsbeelde. In een van die mees kreatiewe en insiggewende artikels handel Marcel Barnard oor die sogenaamde bricolageliturgie: verskillende stylverskynsels word in een liturgie saamgevoeg uit verskillende tradisies. Hy noem dit “knutselen” waarin met knip en plakwerk ’n liturgie sinvol saam-



gestel kan word. Jan Muis sluit die artikelsreeks af met 'n sistematies-teologiese beskouing oor die kerklike spreke oor God.

Die wye verskeidenheid invalshoeke en onderwerpe maak van hierdie boek 'n interessante leeservaring. Die feit dat intradissiplinêr gewerk word, is 'n belangrike tree in die deurbraak om werklik 'n positiewe gesprek tussen onder andere dogmatici en praktiese teoloë te bevorder. Dit sal tot voordeel van albei hierdie teologiese vakgroepe wees. Hoewel die gesprekke wat gevoer is nie baie duidelik neerslag in al die artikels vind nie, is daar tog bakens waarvolgens so 'n gesprek gevoer kan word. Pieterse se artikel is hiervan 'n model wat rigtinggewend vir verdere gesprekke is. Die feit dat die boek in Afrikaans en in Nederlands geskryf is, is 'n winspunt, want sodoende kan die diepste teologiese oortuigings akkuraat weergegee word en baie goed deur die leser verstaan word. Die boek stimuleer nadenke oor geloof en kerk in veranderende kontekste en gee hoop aan geloofsgemeenskappe.

Hierdie boek is eerstens vir teoloë bedoel, maar behoort ook deur predikante gelees te word – veral predikante van die gereformeerde tradisie, omdat die boek ook op praktiese fasette van die teologiese en kerklike velde fokus.

**Burns, Lanier. 2009. *The nearness of God: his presence with his people*. Phillipsburg: P & R Publishing. 254 p. Price: \$17,99. ISBN: 978-1-59638-056-1.**

**Resensent:** F.W. de Wet  
Praktiese Teologie, Potchefstroomkampus,  
Noordwes-Universiteit

In *The nearness of God* bring Burns die nabyheid van God in die lewe van Bybelse persone in verbinding met sy teenwoordigheid in die lewe van hedendaagse mense. Afwesigheid blyk nie 'n opsie te wees in Bybelse teologie nie. "Teenwoordigheid" (nabyheid) is 'n Bybelse begrip wat te doen het met verhoudings, menslik sowel as Goddelik, in al die fasette daarvan. Teenwoordigheid behels dat God betrokke is by sy skepping in die algemeen asook op 'n meer intieme wyse by sy mense. Ons word gevorm deur ons ervarings rondom die teenwoordigheid (en dan bepaald nabyheid) van God. Daarom is dit nodig dat 'n nuwe bewussyn by ons gekweek word van wat dit beteken om naby God te leef.

Die outeur beskryf die kenmerkende pad van die gelowige – soos dit in die Bybel geopenbaar word en soos dit vandag nog ter sprake kom – as 'n pelgrimstog; 'n smagting na die gemeenskap met die lewende God waarvoor daar geen plaasvervanger te vind is in die wêreld waarin ons ons bevind nie. Die moderne konteks bring volgens Burns veral twee faktore ter sprake waaruit dit blyk dat daar 'n noodsaak is aan die vestiging van betekenisvolle verhoudings in ons pelgrimstog deur die lewe. Die eerste faktor is 'n kultuur, gekenmerk deur individualisme, waarin die individu so verheerlik word dat privaatheid meer gekoester word as betekenisvolle verhoudings, tot verarming van die self. Die tweede faktor behels die onpersoonlikheid van 'n tegniese wêreld wat deur virtuele en kunsmatige verhoudingsnetwerke gekenmerk word. In hierdie wêreld het dit moeilik geword om aan die werklikheid van God se teenwoordigheid te dink en dit te beleef. Daar is soveel faktore wat ons bewussyn van die teenwoordigheid van God kan verduister.

In hierdie publikasie word die tema van die nabyheid van God verken vanuit 'n openbaringshistoriese vergelyking soos dit in die Skrif as geheel ontplooi word. Daar word in die aanvangshoofstuk Christosentries begin met 'n bespreking van die gedagte van inkarnasie soos dit na vore kom in die Johanneïese tema van die koms van die Woord wat vlees geword het en onder ons kom woon het (letterlik: onder ons kom “tabernakel” het; Joh. 1:14; 2:19-22). In Christus word God se nabyheid by sy mense tot 'n hoogtepunt gevoer. Burns toon aan hoe die uitdrukking van die teenwoordigheid van die Woord in ons midde as 'n handeling van “tabernakel-opslaan”, die kontinuïteit handhaaf met Israel se beleving van die SHEKINAH-heerlikheid van die HERE (die sigbare uitdrukking van sy teenwoordigheid by hulle in die tabernakel). In geloofsgemeenskap met Christus verkeer die gelowige in die ligkring van God se stralende teenwoordigheid – vol genade en waarheid. Die outeur vra aan die einde van die hoofstuk deurdringende vrae aan mense wat in die greep van die eietydse, godvervreemdende kultuur verkeer: Hoe kan die teenwoordigheid van God as vleesgeworde Woord in ons tegnies-georiënteerde, gemeganiseerde wêreld waargeneem word? Hoe kan die heerlikheid van God in 'n gesekulariseerde kultuur waargeneem word, waarin die konsep van die werklikheid van God se nabyheid vreemd geword het en die gedagte van pelgrimstog in 'n gekompliseerde en verwarrende proses van selfontdekking ont-aard het? Met tye is ons geneig om ons troos en lewensvervulling te probeer soek in die dinge waarmee ons onself omring eerder as in die lewende teenwoordigheid van dié Een. Ons het verslaaf geraak aan die adrenalieninspuiting van suksesvolle prestasie en die ver-

sugting na nuwe dinge. Ons word aangedryf deur die immerteenwoordige oproep om deur die kompetisiegees meegesleur te word. Die duisternis van die wêreld het so 'n greep op ons, dat God dikwels persoonlike krisisse gebruik om ons te herinner aan ons diepste geestelike honger, naamlik die diepgewortelde verlange na die versekering en bewussyn van sy liefdevolle teenwoordigheid.

In opvolg hoofstukke word die tema van die manier waarop die nabyheid van God in die lewe van sy mense na vore kom, stelselmatig van die begin van die Bybelse geskiedenis tot by die teenwoordigheid van God in die Nuwe Jerusalem – soos dit in die laaste boek van die Bybel gevisualiseer word – ontvou. Kenmerkend van die patriarge se verhouding met God was die intieme aard, durende verbintenis en antwoord in geloofsgehoorsaamheid waarin hierdie verhouding ingebed is. Die verhouding met die lewende God word gekenmerk deur direkte kommunikasie (Woord), toewyding en gebedsgemeenskap (wandel), persoonlike ontmoeting (aangesig) en getrouheid (verbond). Op Sinai word 'n patroon vir die inrigting van godsdiens aan Moses toevertrou wat die mandaat gee vir 'n Godgerigte lewenswyse – nie slegs ten opsigte van die godsdienstige lewe van individue nie, maar ten opsigte van die gemeenskap van gelowiges as 'n geheel. In die wette en godsdienstige seremonies van Israel wat aan Moses toevertrou word, staan die heiligheid van God in die sentrum. Die patroon waarvolgens die tabernakel, as sigbare bevestiging van God se teenwoordigheid by sy mense, ingerig moes word, vestig die aandag op die heiligheid van God. Hy is in die midde van sy mense, tog kan daar nie tot Hom genader word op 'n manier waarop die onheiligheid van die sondige mens onbedek bly nie.

Die outeur sit sy openbaringshistoriese verkenning van die tema voort deur te verwys na die veranderinge wat tydens die stadsbestaan (van tabernakel na tempel) ingetree het. Israel se aandag verskuif van die teenwoordigheid van die Here na die begeerte om soos die nasies te wees. Die skuif vanaf geborgenheid in die Here na aardse sekuriteit, het gekompromitteerde godsdiens en onpersoonlike burokrasie tot gevolg gehad. Burns trek 'n verbindingslyn tussen Israel wat in hierdie fase van die openbaringsgeskiedenis “soos die nasies” wil wees en die probleme waarmee daar tans in die kerklike lewe mee te doen gekry word. Die probleem in die Amerikaanse kerke word vergelyk met tendense in Israel tydens die regering van Salomo. Leiers is meer besorg oor lidmaatgetalle en finansiële begrotings as oor die vitaliteit van lidmate se wandel met God.

Die tema van die nabyheid van God word verder ontvou soos dit in die Ou-Testamentiese profete ter sprake kom. Die manier waarop verslawende begeertes 'n mens aftrek van 'n lewende verhouding met God en aanleiding gee tot formalistiese en valse godsdiens is 'n kernmotief in die profetiese geskrifte. Daar word in hierdie geskrifte gesmag na die verlossende teenwoordigheid van die Messias. Slegs deur sy teenwoordigheid kan die verhouding met God herstel word en kan die gelowige naby God leef. Daar word 'n belofte gegee aangaande 'n nuwe verbond (Jer. 31), wat gekenmerk sal word deur die inwonende teenwoordigheid van die Heilige Gees – 'n teenwoordigheid waardeur die gelowige tot in die hart van sy/haar bestaan toegerus sal word om in toewyding aan God te leef.

Daar word aangetoon hoe die Nuwe-Testamentiese gelowige deel kry aan die beloftes van die nuwe verbond deurdat die lewe op die Hoeksteen van God se tempel, Jesus Christus gegrondves word. As Middelaar van die nuwe verbond, gaan Christus in die hemelse heiligdom in en reinig deur sy volmaakte offer ons gewete van handeling wat tot die dood lei. Deur geloofsgemeenskap met Hom ontvang ons vrymoedigheid om tot die lewende God te nader (Heb. 9:14). Die vrymoedige lewe in die teenwoordigheid van God vind sy vervulling in die eskatologiese daad van God wat die hemelse Jerusalem sal laat neerkom, waarin Hy ewig by ons sal bly.

*The nearness of God* is deel van 'n publikasiereeks met die naam *Explorations in Biblical theology*. Hierdie reeks probeer om die middelgrond te vind tussen ingewikkelde, tegniese geskrifte rakende reformatoriese teologie aan die een kant en boeke wat, aan die ander kant, meer op die populêre mark gerig is. Aan die een kant word die substansiële inhoud van die meer uitgebreide werke behou, terwyl daar gestreef word na die leesbaarheid van semi-populêre publikasies. Aan die einde van die boek word besprekingsvrae gegee wat met vrug gebruik sal kan word met die oog op persoonlike Bybelstudie sowel as bespreking in groepe.

In hierdie boek word die tema van die nabyheid van God op 'n Skrifgetroue en baie aktuele manier hanteer. Dit sal na my oordeel van groot waarde kan wees vir die leser wat sy/haar pelgrimstog op pad na die stad van God graag wil voortsit met 'n nuwe bewussyn van hoe werklik die nabyheid van God nou al reeds is.

## Fokusresensies

**Klopper, Braam. 2009. Wanneer woorde ontbreek: hoe om te troos in tye van groot verlies.** Wellington: Lux Verbi.BM. 144 p.  
Prys: R129,95. ISBN: 978 07963 1044 6.

**Resensent:** G.A. Lotter  
Vakgroep Praktiese Teologie,  
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Toe ek hierdie boek ontvang het, het ek aanvanklik gedink dat dit maar weer “opgewarmde kos” sal wees oor al die gewone goed wat ’n mens alreeds weet oor rou en roumart. Met die lees daarvan het ek gou besef: hierdie boek is *anders* en het ’n vars en nuwe benadering! Dit blyk dat die skrywer, Braam Klopper, wye ervaring het (sowel teoreties as prakties) oor die saak van mense wat geliefdes deur die dood verloor. Hy is predikant van die NG Kerk Kemptonpark-Oos en ook pastorale terapeut wat hom toespits op die hantering en verwerking van rou. Hy tree ook op as spreker by toerustingsgeleenthede oor die onderwerp.

Wat my veral beïndruk het, is dat hy ’n goeie raamwerk gee vir die persoon wat betrokke wil raak en mededoë betoon aan iemand wat in rou is en dat hy nie net positief stel wat behoort te gebeur nie, maar ook wat vermy moet word – daarby is die boek ook besonder prakties.

Die boek begin deur die proses van rou te verduidelik en dan volg daar “vyf belangrike routake wat bedroefdes moet deurwerk”. By elkeen van hierdie routake word eerstens kortliks beskryf wat dit behels, riglyne gegee hoe om prakties te help, ’n beskrywing gegee van ware lewensverhale (wat soms besonder roerend is!), tipiese slaggate wat vermy moet word, spesifieke sake wat *onthou* moet word en dan opdragte teen die einde. Hierdie routake is nie ’n voorgeskrewe proses/riglyn nie, maar eerder “bewegings” of “fases” wat deurgewerk moet word. Daar volg ook inligting oor kinders en die dood, die invloed van selfmoord en die dood van ’n kind, geykte gesegdes (waardeur dikwels eerder groter skade aangerig word, as om te troos), wat die Bybel leer oor die wil van God en ons grootste troos, praktiese reëlins ná die dood van ’n geliefde en die boek sluit af met riglyne vir die aanbieder van ’n toerustingskursus. By die praktiese reëlins ná die dood van ’n geliefde word ook ’n lys gegee van sake wat gedoen moet word ná die dood van iemand. Dit is

besonder handig en gepas en kan ook gebruik word om mense te help om betyds hulle dokumentasie, ensovoorts reg te kry. Daar is ook 'n CD agter in die boek met addisionele inligting wat nie in die boek gedek is nie. In die boek self word aangedui wanneer na die CD geluister kan word. Die opname is goed gedoen en die “mens-stem” van die skrywer maak dit baie meer persoonlik.

Hierdie boek het 'n besondere indruk op my gemaak, om verskeie redes: dit raak die dinge aan wat regtig saak maak by die afsterwe van 'n geliefde, vrae waaroor 'n mens soms wonder soos, Waarom het dit gebeur?, Wat word van die een wat gesterf het?, Hoe hanteer ek die emosie in my lewe ná so iets? Waar pas God in die prentjie? en nog ander direkte relevante sake. Hy beskryf byvoorbeeld die simptome van rou (p. 22), die oorsake van teenstrydige gevoelens by hulle wat agterbly (p. 74) en ook aanvullende riglyne tot die routake (p. 107).

Hierdie boek behoort *verplichtend* te wees vir alle teologiese studente en beraders-in-opleiding, asook ander terapeute (in opleiding en in die praktyk) wat die een of ander tyd met rouSMART en die begeleiding daarvan te doen het. By die lees daarvan het ek self gedink dat so 'n boek my baie sou help met die eerste sterfgeval in die gemeente as jong predikant – iets waarvoor ons opleiding in die sewentigerjare nie voorsiening gemaak het nie. Indien die boek voorgeskryf kan word en in klasse bespreek kan word, sou dit uitmondende geleentheid bied vir die dosent (wat sekerlik ervaring van sterfgevallen het) om dit te integreer met die materiaal en die studente te se eie ervarings.

Die boek is ook geskik vir iemand wat die dood *self* beleef (al is dit dan net vir die praktiese sake wat dadelik by die dood van 'n naasbestaande afgehandel moet word), of as geskenk vir iemand bietjie verder verwant (soos familie, skoonfamilie en vriende) sodat hulle ingelig sal wees hoe om die situasie te hanteer en selfs ook hoe om die direk-getraumatiseerde persoon (of naasbestaande) te help. Hierdie boek van Braam Klopper is vir almal wat sê: “ek weet nie wat om vir die naasbestaandes te sê nie”!

*Wanneer woorde ontbreek* is in verstaanbare taal geskryf en sonder om té tegnies te raak, word belangrike inligting oor die dood en die gevolge daarvan (bv. simptome van rou) beskryf. Die uitleg van die boek is goed en maklik leesbaar – wat belangrik is vir iemand wat in rou nie goeie konsentrasievermoë het nie.

Alles in ag genome, is dit 'n puik boek wat ek wil aanbeveel vir enige leser, al het 'n mens nie nou iemand wat rou naby jou nie – dit is immers inliging wat altyd weer nodig is!

**Hanekom, Braam. 2009. *Ontwikkel die leier in jou kind.***

Wellington: Lux Verbi.BM. 160 p. Prys: R99,95.

ISBN: 978 07963 0936 5.

**Resensent:** W. van den Heever  
Gereformeerde Kerk Rietvallei

Die titel van Hanekom se boek *Ontwikkel die leier in jou kind* mag dalk misleidend wees, want op 'n skitterende wyse skryf Hanekom eintlik oor leierskap op alle terreine. Die boek fokus veral op leierskap wat die persoon in homself moet ontwikkel. In die kitswêreld waarin ons leef, wil hy nie bloot net kitsantwoorde en kitsoplossings gee nie. Hanekom het die vermoë om tydlose beginsels prakties en toepaslik vir die leser te skets. 'n Voorbeeld hiervan word in Hoofstuk 1 duidelik waar volkome ouerbetrokkenheid en tyd met mekaar in verband gebring word.

Hanekom konfronteer die lesers deur te wys hoedat tydlose beginsels in sy persoonlike lewe waar geword het. Reg deur die boek blyk die integriteit van sy woorde deurdat hy eerlik is oor ervarings wat hy al in sy lewe gehad het.

Dit is duidelik dat Hanekom leierskap vanuit 'n Christelike perspektief beskou. Bybelse voorbeelde word goed geïntegreer met aanhalings van akademici wat al oor leierskap geskryf het. Hanekom het deeglike voorbereiding gedoen met die skryf van hierdie boek.

Hanekom gee 'n raamwerk waarbinne leiers hulle eie optrede as leiers of mentors kan evalueer. Hierdie evaluering bring 'n mens by die punt om te besef dat jou leierskapmodel nie tot jou eie voordeel nie, maar tot die voordeel van ander behoort te wees. Daarom is die woord *diensbaarheid* 'n woord wat baie in die boek herhaal word. Die boek fokus op die feit dat die leser baie selfondersoek behoort te doen.

Deur die eeue is neergesien op kinders, maar Hanekom wil in hierdie boek beklemtoon dat ons die potensiaal wat daar in kinders is, moet raaksien. Kinders is van nature nie pessimisties oor die toekoms nie. Hanekom beklemtoon: "Naas God behoort die toekoms inderdaad aan die jeug."

Leierskap en konflik loop egter van Adam en Eva se tyd af hand aan hand, sê Hanekom. Hy is bewus van konflik en die invloed daarvan op leierskap. Daarom is dit nodig dat die boek ook duidelike wenke rakende konflikhantering gee. Hanekom se fokus op vergifnis verdien hier spesiale vermelding. Die woordjie *vergifnis* som juis die evangelie in sy essensie op. Maar vergifnis is nie bloot 'n koue dogma nie, maar 'n dogma wat in mense se lewens gesien kan word. "Om te vergewe, is om 'n gevangene vry te laat en dan agter te kom dat die gevangene jy was", sê Hanekom.

Die kern van Hanekom se boek vind ons aan die einde in sy woorde dat kinders nie bloot soos 'n bondel klei in ouers se hande is nie, maar dat hulle reeds deur God besonder gemaak is. Hoeveel mense in hierdie wêreld is daar nie wat dit beslis behoort te hoor nie?

**Van Zyl, Jacob D. 2009. Breek deur die grens: jou persoonlike berader vir sewe algemene knelpunte.** Wellington: Lux Verbi.BM. 190 p. Prys: R129,95. ISBN: 978 07963 0785 9.

**Resensent:** G.A. Lotter  
Vakgroep Praktiese Teologie,  
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Die sewe knelpunte wat Dr. Jacob van Zyl in hierdie boek hanteer is depressie, angs, stres, posttraumatiese stres, huwelik, gesin- en kinderopvoeding, swak selfbeeld en om nou te leef. Hierdie boek is onder andere 'n neerslag van sy ervaring as kliniese sielkundige in Nelspruit (Mpumalanga) en ook ervarings wat hy en Dr. Rassie Smit gehad het by 'n radio program, *Laeveld-Hulplyn* van die radiostasie Radio Laeveld. Die aktueelste temas wat oor die radio hanteer is, stem hoofsaaklik ooreen met dit wat hierbo genoem is. Van Zyl skryf self:

Die waarde van die perspektiewe en die manier waarop inligting uit die raamwerk van die teologie en sielkunde mekaar aanvul het, het die potensiaal gehad om vir baie meer mense kosbaar, inspirerend en motiverend te wees. (p. 8.)

Hy stel dus vroeg in die boek dat die uitgangspunt van die Skrif sowel as die neerslae van die Psigologie gebruik sou word. Dit is ook een van die sterk punte van die boek, naamlik goeie wetenskaplik-sielkundige beskrywings en verduidelikings wat deurgaans met 'n sterk Christelik-Bybelse fundering en tersaaklike teks- en Skrifverwysings, waar dit nodig is, gebalanseer word, sonder om dit biblisis-



ties te hanteer. Geloof en vertroue in God is 'n basiese premisse en dit word waardeur dat daar nie (soos talle Christelike boeke van hierdie genre) op 'n emosionele en soetsappige manier met geloof omgegaan word nie.

Die titels van die hoofstukke is baie vernuftig gekies, naamlik:

- Breek deur die grensdraad van depressie en angs
- Steek die rivier van stres oor
- Verlaat die woenstyn van posttraumatiese stres
- Oorbrug die kloof van huweliksprobleme
- Klim oor die berg na 'n gesonder gesinslewe
- Breek die klipmure van lae selfagting af
- Verskuif die grens: leef in die hier en nou

Die metode wat Van Zyl in elke hoofstuk volg, is om simptome en die teorieë van die spesifieke probleem wat bespreek word, te stel, dan tersaaklike gevallestudies, hulp en praktiese wenke hoe om die saak te hanteer, metodes en tegnieke en, waar van toepassing, mediese hulpmiddels (p. 37 & 38). By selfontspanning (p. 56) doen hy ook 'n goeie metode aan die hand en by die hantering van posttraumatiese stres (p. 92-94) is daar besondere praktiese wenke hoe om die saak van vergewing aan te pak en hoe om trauma te hanteer. Die boek handhaaf na my mening 'n goeie balans tussen die *teoretiese* aspekte en die *praktiese* hantering van die verskillende knelpunt. Dikwels is boeke van hierdie aard hoogstens 'n "handleiding" van wat om te doen, maar Van Zyl doen moeite sodat die leser ook die agtergrond en dinamika kan verstaan.

'n Ander afdeling wat my besonder beïndruk het, is die deel oor dissipline in die gesin (p. 129-140) met die elf verskillende opsies met betrekking tot die uitoefening van dissipline wat die skrywer na vore bring. Dit sal baie ouers sekerlik help in hierdie mynveld wat soms kan ontwikkel.

Die ander voordeel van 'n skrywer wat uit die praktyk kom, is dat hy oefening en opdragte wat hy self ontwikkel en met vrug in sy terapie gebruik het, met die leser deel soos byvoorbeeld die negatiewe en positiewe etikette (p. 151-154) wat mense oor hulleself het.

Daar is ook 'n baie nuttige CD ingesluit met 'n verdere uitbreiding van die verskillende temas. By die inhoudsopgawe is telkens 'n ver-

wysing van die bepaalde snit op die CD en die bladsynommer in die boek van die ooreenstemmende gedeelte. Die skrywer se stem in die opname is effens meganies en dit sou waarskynlik beter oorgekom het indien dit in 'n gesprekstrant aangebied is. Nogtans is die CD baie nuttig en prakties en gee toegevoegde waarde tot die boek. Dit skep ook die geleentheid om daarna te kan luister wanneer jy op pad is of besig is om ander dinge te doen en nie kan lees nie.

As pastorale berader verwelkom ek hierdie boek en sal dit ten sterkste aanbeveel vir predikante en ander pastorale werkers wat vanuit 'n Christelike hoek werk. Kerklidmate wat met hierdie probleme worstel, sal deur dit self te lees ook daarby baat vind. *Breek deur die grens* is 'n goeie voorbeeld van interdisiplinêre samewerking tussen Teologie en Psigologie in die populêre literatuur – iets waaroor die sogenaamde “integrasie”-debat steeds in akademiese kringe voortduur asook op grondvlak in die samewerking tussen predikante en sielkundiges. Die vakgroep Praktiese Teologie van die Noordwes-Universiteit moedig hierdie tipe samewerking aan.